

Sondag 3 Desember

Skrifgedeelte: Genesis 6:5-22

Fokusgedeelte: Genesis 6:8, 9, 22

'n Skip op droë grond

Wat besiel 'n man om 'n skip van 135 meter lank, 22 meter breed en 13,5 meter hoog, op droë grond te bou? Hoe gaan hy die skip by die water kry? Daar is nie eers water naby nie! Is Noag kranksinnig? Nee, net gelowig.

Die mense wat God goed geskape het, het slegte dinge gedoen. Hulle was korrup en vol geweld. Dit het die Here bedroef dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Hulle lewe was verrot. Daarteenoor lees ons dat die Here Noag begenadig het. Drie dinge staan op Noag se getuigskrif. Hy was regverdig, onberispelik en het naby God geleef.

God gaan die slegte mense verdelg! God gaan Noag en sy gesin red! Ons sien God se oordeel, maar ook sy genade in hierdie geskiedenis. Ons sien God se haat/toorn oor die sonde, maar ook sy groot liefde vir die gelowige. Die oordeel kom met die water van die sondvloed waardeur alle lewe op aarde vernietig is (behalwe die waterdiere). Lees vers 17 en 18. Alles op aarde sal sterf. Die redding lê in die woorde: “Maak vir jou 'n ark ...”

Die Here begin as 't ware voor met die skepping van lewe op aarde. In die ark is Noag en sy gesin en van alles wat leef, naamlik diere, voëls en krui-pende diere. God se redding begin van voor af. In Christus begin hy ook van voor af met jou. Jy word 'n nuwe mens wat verlos is van sonde, op pad na die nuwe hemel en aarde toe. Met groot ontsag bely ons dus (Ps 130:2):

*“As U, o Heer, die sonde
na reg wou gadeslaan,
Wie sou een enkel stonde
voor U, o Heer, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing
altyd by U gewees:
daarom word U met bewing
reg kinderlik gevrees.”*

Hoekom bou jy 'n skip op droë grond? Omdat jy glo en God gehoorsaam.
Sing: Psalm 130:1, 4

Dagstukkies Almanak 2006